

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

18 Julie 2009

Soos beloof gaan ek vandag bietjie gesels oor die oorplant van Bonzai's maar voor ek daaroor gesels wil ek eers 'n interessante vraag bespreek wat die week opgekom het. Wat doen 'n mens as jou tuin rypskade opgedoen het, moet jy dit nou afsny of los. As dit nie te onooglik is nie, sal ek aanbeveel om dit ten minste tot die helfte tot einde Augustus te los voor jy dit afsny. Veral die bree blaar plante beskerm nog steeds die ander plante en as jy dit nou afsny, vat jy nie net die beskerming weg nie, maar ook bevorder jy nuwe groei te vroeg al.

Nou kom ons by die Bonzai's. Bonzais word nie elke jaar oorgeplant nie.

· Nou in die winter is dit die beste tyd om jou bonzai's oor te plant.

· Die plante word te groot vir die potte en dan plant 'n mens dit elke tweede tot derde seisoe oor.

· Maak eerste van alles seker of jy dit weer in dieselfde pot gaan terugplant of gaan dit in 'n groter pot geplant word. As dit in dieselfde pot geplant word gaan jy tien teen een van die wortel moet terugsny.

· Moet noo te veel wortel afsny nie. Die wortebal moet ongeveer 80% weer net so teruggeplant word in die pot. Sny net van die buitenste rant en 'n bietjie onder op die wortelbal af – net die fyner haarwortels moet afgesny word en geen dikker wortels nie.

· Moet nooit 'n pot gebruik watt ediep is nie. Die geheim met die meer algemene bonsai style is om die wortels so vlak as moontlik te hou.

· Gebruik 'n goeie bonsai grond en maak goed nat na oorplanting.

'n Laaste wenk is om nooit jou Bonzai in die winter koste gee nie. Jy moet eers nou weer aan die einde van Augustus jou Bonzai's te begin voer.